VRYSTAAT

SA BOERPERD

# Vrystaat SA Boerperd Klub.

## Jaarverslag 2013 – 2014.

Die afgelope twee tot drie jaar het die struktuele veranderinge wat op nasionale vlak voorgestel word rakende die nuwe SAEF 'n mate van onsekerheid geskep betreffende die status van ons klubs op streekvlak. Dit is duidelik dat ons streekklubs nie aan die vereistes wat daar gestel word in die defenisie van 'n sportklub sal kan voldoen nie. Daarom is dit ook so besluit by die Vrystaat Klub AJV van 29 Maart 2014 dat die klub voortgaan soos in die verlede om lede se belange na om te sien by die Genootskap.

Tydens die Nasionale kampioenskappe 2013 was dit die Vrystaat Klub se verantwoordelikheid vir die reelings van die vertoners dinee te Afridome, Parys. Alhoewel die beoordeling van die stervul heelwat tyd geneem het, het die reelings nogtans goed afgeloop, vir bydraes deur Mnre. Jannie Bosch en Herman Pheiffer asook Karin van Afridome ons opregte dank.

Hingskeurings is vir 2014 weer terug op streekvlak gehou en hier wil ons graag Mnr. Johannes Langenhoven as sameroeper bedank nie net vir die hingskeuring nie maar ook vir die keuringstoer. Hy is bygestaan deur Mnre. Lomon Terblanche, Pieter Terblanche, Riaan Oberholzer en A.J. Burger. Dit is 'n mate van kommer dat gegewe die aantal hingste wat genomineer word, 'n hele aantal nie op die dag van keuring voorgebring word nie.

Die Vrystaat Streekkampioenskappe wat jaarliks tydens die Bloemskou aangebied word het hom reeds gevestig en tans is daar volgehoue groei in die aantal perde wat vertoon word. Vertoners van reg oor die land word ook hier verteenwoordig en is die klasse van bogemiddelde gehalte. Ons dank aan Mnre. Johan Nel (Skouvoorsitter), Herman Pheiffer, Dirk Odendaal en Charles van Schalkwyk. Reelings vir die Streekskou in 2015 is reeds getref en deurlopend word daar geskakel aangesien Bloemskou hoe vereistes stel en die klasse afwisselend met die Friesperd genootskap gehou word.

Ook in die elektroniese media is daar groei in die aantal lede op die Vrystaat Boerperd Klub Facebook bladsye en staan die ledetal tans op 169.

Ons bedank ook die Raad vir hul ondersteuning en dan veral Elize Prinsloo vir haar hulp tydens die Streekkampioenskappe en haar diens aan ons lede.

Vrystaat Streekverteenwoordiger.

Heinrich Kohne.

0833058413.

hkohne@oldmutualpfa.com